# DIE BRITSE VEROWERINGSAANSPRAAK OP DIE ORANJE-VRYSTAAT, 1900

**Jaco de Bruin,[1] André Wessels[2] en Johan Henning[3]**

***Abstract***

*On 28 May 1900, Lord Roberts issued a proclamation (back-dated to 24 May 1900) stating that the Orange Free State (OFS) Boer republic was annexed as the Orange River Colony (ORC). This article deals with the British allegations that they had conquered the OFS, as early as the end of May 1900. It deals especially with the legality of these averments in the context of the law of nations. The opinions of a number of legal authorities are evaluated and applied to the situation prevailing in the OFS. Several other proclamations and opinions are also taken into consideration, as well as the events in the Brandwater Basin in July and August 1900, when a very significant number of the OFS forces in the field surrendered. The positions of and comments by General CR de Wet and President MT Steyn are evaluated, and the decisions handed down in a number of post-war court cases are considered. New light is shed on the legal status of the Boer representatives taking part in the negotiations leading up to the signing of the Peace of Vereeniging on 31 May 1902.*

## 1. INLEIDING

Op 28 Mei 1900, net voordat lord Roberts die Vaalrivier oorgesteek het, het hy die Oranje-Vrystaat (OVS) tot Britse gebied geproklameer.[4] Ten tyde hiervan was die OVS die bondgenoot van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).[5]

Hierdie artikel handel met die Britse veroweringsaansprake en die regsgeldigheid daarvan binne konteks van die volkereg. Die volkereg word aan die hand van ’n aantal bronne toegelig soos aan die einde van die 1800’s en begin van die 1900’s. Hierdie beginsels word toegepas op die feitelike situasie in die OVS tydens die tydsgewrig. Ten aanvang word gehandel met die veroweringsaansprake verwoord

1 Regspraktisyn. Voorheen Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking, Universiteit van die Vrystaat. E-posadres: dbruinjh@gmail.com

2 Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, en besoekende genoot, University of New South Wales at the Australian Defence Force Academy, Canberra. E-posadres: wesselsa@ufs.ac.za

3 Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, en professorale navorsingsgenoot, Institute of Advanced Legal Studies, University of London. E-posadres: henningj@ufs.ac.za

4 LS Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* (Londen, 1906) 4, p. 136 en 6 (Londen, 1909), p. 3; A Wessels (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902* (Stroud, 2000), p. 37.

5 Sien die *Politieke Verbond met de Z.-A. Republiek* van 1897, soos aangeheg tot die *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad gedurende de gewone zitting van het jaar 1897* (*s.l.*, *s.a.*).

in die Britse proklamasie van Mei 1900. Hierdie proklamasie, hoewel eers op 28 Mei 1900 formeel afgekondig, is gedateer 24 Mei 1900, die verjaarsdag van die Britse koningin.[6]

Die eerste gedeelte van die artikel handel met die vraag of hierdie proklamasie aan die vereistes van die volkereg voldoen het. Indien nie, ontstaan die verdere vraag op watter stadium, indien enige, daar wel aan die vereistes voldoen is. Sentraal tot die bespreking staan die gebeure in Brandwaterkom van Julie 1900, toe hoofkommandant M Prinsloo die grootste gedeelte van die OVS magte te velde aan die Britse magte oorgegee het. Sou die veranderende omstandighede te weeg gebring deur die oorgawe, wel 'n moment van verowering kon aanstip? Ten slotte word gehandel met 'n skrywe van die OVS staatspresident, MT Steyn, in Augustus 1901. Hierdie skrywe was in reaksie op 'n proklamasie van lord Kitchener, die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika in daardie stadium. In die proklamasie en skrywe gee Kitchener en Steyn 'n beskrywing van die oorlogsituasie. Beide dokumente handel in effek met die beginsels van die volkereg rakende verowering. Die vraag ontstaan weer of enige van die twee dokumente 'n duidelike antwoord bied of die OVS verower is al dan nie.

Die artikel handel slegs met die posisie in die OVS. Voorts word die volkeregtelike vereistes toegepas om die regsposisie te beoordeel. Hierdie vereistes word binne die nodige historiese konteks toegepas. Ten slotte word die verskillende weergawes van die feitelike situasie toegelig, asook 'n bepaalde vertolking van die gebeure. Hierdie vertolking dien as basis vir die gevolgtrekking oor die regsgeldigheid, aldan nie, van die Britse veroweringsaansprake.

## 2. VEROWERINGSAANSPRAAK VAN MEI 1900

Roberts het sy aanspraak op die verowering van die OVS verwoord deur 'n proklamasie wat op 28 Mei 1900 afgekondig is, terugwerkend tot 24 Mei 1900. In die proklamasie word te kenne gegee dat die OVS deur die Britse magte verower is en dat die Britse koningin gevolglik besluit het om die OVS tot Britse gebied te proklameer.[7] Geen verdere toeligting oor die gronde vir die aanspraak word verskaf nie. Dit is daarom nie moontlik om aan die hand van die inhoud van die proklamasie self, te bepaal of die aanspraak regtens en feitelik begrond was nie.

Verowering verwys na die verkryging van 'n vyandige gebied deur gewapende konflik. Verowering (*debellatio*, *ultima victoria*) is 'n feitelike situasie. Verowering moet nie met militêre besetting (*occupatio bellica*) verwar word nie. Militêre besetting is gewoonlik tydelik van aard en is slegs van toepassing op daardie gebiede

6 Wessels (red.), p. 37.

7 *Proclamations issued by Field-Marshal Lord Roberts in South Africa* (Cd. 426; Londen, 1900), p. 6.

wat deur vyandelike magte beset word. Besetting kan egter die voorloper van verowering wees. In so ’n geval moet besetting voltooi word.[8] Oppenheim beskryf verowering en onderwerping as die uitwissing van ’n oorlogvoerende party by wyse van oorlogvoering, en deur die proklamering van daardie oorlogvoerende se grondgebied tot eie grondgebied.[9]

Besetting kan op verskillende wyses tot verowering gevoer word. Hierdie wyses sluit in: ’n vredesverdrag, onderwerping, staking van vyandighede, rewolusie en instemming van die inwoners van ’n gebied, besetting, tydverloop en die onvermoë van die besette staat om sy gesag oor die gebied te herstel, of die onderwerping van die geheel van die staat en die inkorporering daarvan deur die veroweraar tot eie gebied.[10]

Wanneer die situasie in die OVS in Mei 1900 oorweeg word, is dit duidelik dat slegs die twee laaste wyses moontlik toepassing kan vind. Wanneer die situasie verder ontleed word, behoort dit duidelik te word dat verowering van die OVS in werklikheid nie op 24 of 28 Mei 1900 plaasgevind het nie.

Op 28 Mei 1900 het die Britse magte wel gedeeltes van die OVS beset. Hierdie besetting het die setel, naamlik Bloemfontein, en tydelike setels, byvoorbeeld Kroonstad, ingesluit.[11] Bloemfontein is reeds op 13 Maart 1900 beset. Die Britse hoofmag het om verskeie redes hier vertoef tot 3 Mei 1900. Gedurende hierdie periode het die OVS-magte onder die bevel van hoofkommandant CR de Wet aanvalle in die rug van die Britse magte te Sannaspos (31 Maart) en Mostertshoek (3-4 April) gelewer. Die gemak waarmee die operasies plaasgevind het, toon aan dat die besetting van die Britse magte in baie gevalle heel tydelik van aard was. Behalwe vir die oorgawe te Paardeberg op 27 Februarie 1900, het die Britse magte nie daarin geslaag om die OVS ’n ernstige nederlaag toe te dien nie. Die opmars van die Britse magte het op 3 Mei 1900 in die rigting van Kroonstad ’n aanvang geneem.[12] Die teenwoordigheid van die OVS krygsmag wat redelik vryelik in sekere dele geopereer het, onderstreep die feit dat die Britse beroep op verowering voorbarig en gebrekkig was.

---

8 S Baker, *Halleck's international law or rules regulating the intercourse of states in peace and war* 2 (Londen, 1893), pp. 432-433, 457. Oppenheim tref ’n onderskeid tussen verowering en onderwerping. Volgens hom moet ’n gebied nie alleen verower wees nie, maar moet dit ook tot eie gebied geproklameer word. (L Oppenheim, *International law a treatise* 2 (2de uitgawe, Londen, 1912), pp. 325-326.) In hierdie opsig wil dit voorkom of Oppenheim besetting deur Halleck gebruik, met verowering gelyk stel. Die proklamering tot eie gebied word daarom ’n vereiste om te onderskei tussen besetting en verowering. Verowering kan derhalwe alleen plaasvind waar onder meer onderwerping plaasgevind het.

9 Oppenheim, 2, p. 326.

10 Baker, 2, p. 467; JM Spaight, *War rights on land* (Londen, 1911), p. 322.

11 Amery (red.), 4, pp. 1-2; Wessels (red.), pp. 31-34; JH Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 5 (Pretoria, 2000), p. 126.

12 Wessels (red.), p. 36. Sien ook Breytenbach, 5, pp. 181-318.

Die besetting van Bloemfontein, sowel as van die tydelike OVS setel, Kroonstad, kon denkbaar die indruk by Roberts geskep het dat die OVS effektief verower is. Die besetting van bloot die regeringsetels, sowel as bepaalde gedeeltes van die vyandige gebied, is egter nie voldoende om verowering kragtens enigeen van die twee veroweringskriteria daar te stel nie.[13] Die standpunt dat die OVS op die betrokke datum nie deur Britse magte verower was nie, word deur gesaghebbende volkeregtelike skrywers soos Oppenheim, Spaight en Phillipson beklemtoon.[14]

## 3. OVS SE REAKSIE

Die OVS het op 11 Junie 1900 by wyse van 'n proklamasie op die Britse veroweringsaansprake geantwoord. Volgens die OVS proklamasie was die OVS regering ten tyde van die Britse proklamering nie omvergewerp nie en daar was geen sprake van die verowering van sy gebied nie. Hierdie posisie en standpunt is bevestig deur die teenwoordigheid van sy magte binne die gebied en hulle voortgesette aktiewe deelname aan die oorlog. Die OVS proklamasie verklaar ook uitdruklik dat die Vrystaatse regering nie die aanspraak op die OVS deur Brittanje erken nie. Laastens het die OVS proklamasie die Britse proklamering ongeldig verklaar.

Die teenwoordigheid van ongeveer 7 000 OVS krygslui te velde in die omgewing van Senekal, Bethlehem en Ficksburg op die datum van proklamasie, lewer afdoende bewys dat die OVS inderdaad nie verower was nie.[15] Tewens, die krygsmag van die beweerde "verowerde staat" het boonop op 29 Mei 1900 te Biddulphsberg in die Senekal-omgewing, die Britse magte 'n gevoelige slag toegedien. Op 31 Mei 1900 het die OVS krygsmag ook 'n Britse afdeling in die omgewing van Lindley tot oorgawe gedwing. De Wet het voorts op 4 Junie 1900 'n Britse konvooi te Swavelkranz gebuit. Die OVS krygsmag het ook op 7 Junie

---

13 C van Bynkershoek, *A treatise on the law of war being the first book of his quaestiones juris publici* (vertaal deur P.S. du Ponceau; Clarke, N.J., 2008), p. 49; Spaight, pp. 322-326 (vn. 2); J Westlake, "The South African Railway case and international law: a reply", *Law Quarterly Review* 21, 1905, p. 335.

14 Oppenheim, 2, pp. 209, 326 (vn. 2), 327 (vn. 1); Spaight, p. 331; C Phillipson, *Termination of war and treaties of peace* (Clarke, N.J., 2008), pp. 22-24.

15 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (VAB), Roux-versameling (A305): P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 1. In 'n boekie met sy aantekeninge beskryf Roux die getalsterkte van die OVS krygsmag soos volg: Ficksburg: 400; Ladybrand: 410; Thaba 'Nchu: 420; Wepener: 420; Smithfield: 250; Harrismith: 1 200; Vrede: 1 100; Haasbroek: 420; Heilbron: 480; Bethlehem: 500; Kroonstad: 400; Bloemfontein: 170; Rouxville: 400; Bethulie: 150; Jacobsdal en Fauresmith: 120. (VAB, A305: P.H. Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900".) Dit is interessant dat wanneer die getalle, soos deur Roux vermeld, bymekaar getel word, 7 840 as somtotaal gekry word. Dit word hier aanvaar dat 7 840 offisiere en burgers eerder die mees positiewe scenario aandui en dat die werklike getalle minder kon wees.

1900 gelyktydige aanvalle te Vredefort, Renosterrivierbrug en Roodewal geloods. Te Roodewal het De Wet 'n Britse afdeling tot oorgawe gedwing. In die proses is Britse ammunisie en proviand ter waarde van meer as 'n £100 000 gebuit. Kort hierna het 'n aanval onder die bevel van veggeneraal PH Roux op 14 Junie 1900 te Virginia egter misluk. De Wet het op 22 Junie weer aanvalle op die spoorlyn geloods. Hoewel die militêre operasies van die OVS krygsmag aantoon dat die Britse magte se veroweringsaansprake gebrekkig was, is dit opmerklik dat feitlik die hele OVS, met die uitsondering van die oostelike gedeeltes, wel teen middel Junie beset was. Amery verklaar egter uitdruklik dat die Britse besetting van so 'n aard was dat daar in weinig besette gebiede onderhorigheid deur OVS ondergeskiktes afgedwing of beskerming vir onderhorigheid verleen kon word.[16]

Roberts het teen middel-Junie 1900 die Britse Minister van Oorlog per telegram in kennis gestel dat die OVS magte teen alle verwagtinge steeds die stryd volhou.[17] Volgens Amery was laasgenoemde te wyte aan Roberts se poging om die republikeinse setels so spoedig as moontlik te verower en in die proses die krygsmoraal van die republikeinse magte te verpletter. "Surrenders indeed had been numerous after every important stage in the advance of the column, but they were surrenders either of men who never fought with much alacrity, or of those ready to take up arms again as soon as a returning commando offered them an excuse. The Boer organized forces, therefore, as far as they ever were organized were still unimpaired."[18] Teen Junie 1900 was daar dus geen sprake van 'n OVS staat wat nie in die woorde van Westlake, "a hunted and hopeless existence" gevoer het nie. Die gevaar het egter bestaan dat indien die OVS regering nie tydig op 'n effektiewe krygstrategie besluit nie, dit wel tot so 'n bestaan gedoem sou kon word.

Aan die begin van Julie 1900 is die OVS krygsmagte genoodsaak om Bethlehem prys te gee. Hierna is feitlik die hele van die OVS krygsmag in of in die onmiddellike omgewing van die Brandwaterkom saamgetrek. Na beraadslaging is besluit om gedeeltes van die OVS te herbeset of ten minste die Britse besetting in daardie gebiede te frustreer. Hierdie krygstrategie is egter nie na behore gekommunikeer nie. De Wet het wel daarin geslaag om die Brandwaterkom te verlaat. Hoofkommandante M Prinsloo en PH Roux het egter in 'n bittere en onverkwiklike bevelstwis gewikkel geraak wat uiteindelik daartoe aanleiding gegee het dat die OVS krygsmag gedeeltelik deur die Britse magte in die Brandwaterkom ingesluit is. Op 29 Julie 1900 het Prinsloo met die Britse magte begin onderhandel.

16 Wessels (red.), pp. 37-38, 89; Amery (red.), 4, pp. 262, 267-268, 297-298.

17 "I am urging Buller not to remain inactive any longer, a movement on his part is all now that is necessary to settle Orange Free Staters, who, contrary to all expectation, have much more fight in them than Transvaalers [...]." *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts K.P., G.C.B, &c., &c. from April 19th to June 18th, 1900* (Londen, 1900), p. 108: FS Roberts – Lord Lansdowne, 13.6.1900 (afskrif van telegram).

18 Amery (red.), 4, p. 298.

Teen laat middag het hierdie onderhandelinge die onvoorwaardelike oorgawe van die magte onder sy bevel tot gevolg gehad.[19]

Dit is bykans ongelooflik dat die geskil tussen hoofkommandante Prinsloo en Roux op die betrokke dag, 29 Julie 1900, steeds die botoon gevoer het in die vorm van 'n tydrowende verkiesing van 'n hoofkommandant. Aan die einde van die betrokke dag is Roux as hoofkommandant verkies, ironies genoeg van 'n krygsmag wat reeds vroeër die dag deur Prinsloo oorgegee is. Roux het die volgende dag, 30 Julie 1900, weinig gedoen om òf die oorgawe te finaliseer òf hom effektief daarteen te verset òf om te ontvlug. Inteendeel, getuienis dui daarop dat Roux gepoog het om persoonlik protes teen die geldigheid van oorgawe aan te teken. Die protes was gegrond op sy standpunt dat die krygsvergadering wat Prinsloo tot tydelike waarnemende hoofkommandant verkies het, nie aan Prinsloo die bevoegdheid verleen het om oor te gee nie. Die Britse bevelvoerder, luitenant-generaal A Hunter, het geen simpatie met Roux se siening en onpraktiese optrede gehad nie.[20]

Nie alle magte onder Prinsloo se bevel het gehoor gegee aan die oorgawe nie. So het meer as 'n 1 000 burgers en hul offisiere die oorgawe ontsnap. Die krygs-afdeling van hoofkommandant FJWJ Hattingh het na hulle distrikte Harrismith en Vrede teruggekeer. Hier is die kommando's deur veggeneraal CJ de Villiers ontbind.

Die oorgawe het die verlies van 'n groot aantal waens en perde tot gevolg gehad. Meer as 4 100 burgers en offisiere het op 30 Julie 1900 en die onmiddellike dae daarna aan die Britse magte oorgegee. Dorpe soos Fouriesburg, Harrismith en Vrede is in die proses deur die Britte beset. De Wet en sy magte het in hierdie dae ook die OVS verlaat en hulle vir 'n wyle in die ZAR bevind.[21]

Die gevolg was dat 'n baie klein OVS krygsafdeling die verantwoordelikheid moes dra om die besetting van die OVS te frustreer. Die veelbesproke oorgawe van Prinsloo in die Brandwaterkom het die deur dus wyd oopgemaak vir 'n effektiewe besetting van die OVS. Derhalwe ontstaan die vraag of die Britse magte daarna daarin geslaag het om die gebreke in hul veroweringsaansprake uit die weg te ruim.

## 4. DIE VEREISTES VIR VEROWERING

Die veroweringsaansprake op die OVS toon duidelik aan dat die Britse magte vasbeslote was om die oorlog nolens volens tot 'n einde te bring. Die proklamasie van 24 Mei 1900 bevestig die Britse voorneme om die OVS te annekseer. Die keuse om die oorlog sonder medewerking van die OVS-regering tot 'n einde

---

19 JH de Bruin, *'n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog* (LL.D., Universiteit van die Vrystaat, 2009), pp. 98-150, 272-340.

20 *Ibid*., pp. 272-340.

21 *Ibid.*, pp. 311-340.

te bring, was uit die aard van die saak problematies. So 'n handeling is duidelik eensydig en is vanselfsprekend nie deur die OVS as regsgeldig erken nie. Voorts het die wyse van optrede dit moeilik gemaak om te bepaal of die konvensionele oorlog regtens werklik beëindig is en, indien wel, presies wanneer. Laastens het die proklamering 'n onderskeid getref tussen dit wat beweer is om onderwerp te wees en dit wat beweer is nie onderwerp te wees nie. Hier word slegs gehandel met die regsvereistes wat verband hou met die poging om sonder die medewerking van die OVS-regering die gebied tot Britse gebied te proklameer.[22]

Phillipson stel drie vereistes vir die verowering van 'n bepaalde gebied, naamlik (1) besetting, (2) onderwerping en (3) proklamering van die vyandige gebied tot eie gebied.[23] Die alternatief is dat die een staat hom deur middel van 'n vredesverdag aan die soewereiniteit van 'n ander staat onderwerp. Tot en met 31 Mei 1902 was daar geen sprake van vrywillige onderwerping nie. Dit is daarom nodig om die vereistes vir verowering te behandel. Dit is opmerklik dat die skrywers aan die einde van die 1800's en begin 1900's, nie noodwendig eens was oor die vereistes en die inhoud daarvan nie. Die beskrywing van Phillipson word hier gebruik om die vereistes en die verskillende standpunte daaroor toe te lig.

## 4.1 Besetting

Oorlog gaan gewoonlik met die bedoeling gepaard om beheer oor die ander oorlogvoerende party se gebied te verkry. Die militêre besetting (*occupatio bellica*) is daarom ook die eerste fase in die verowering van 'n gebied. Die besetting van 'n gebied beëindig egter nie noodwendig die soewereiniteit van die betrokke staat nie. Dit gee egter wel aan die besettingsmag die bevoegdheid om gesag oor die gebied te voer. Oppenheim verklaar dat besetting alleen kan plaasvind waar die vyandige magte in die gebied van sy opponent teenwoordig is. Die besetter moet ook die bedoeling hê om die gebied tydelik of permanent te behou. Hierdie bedoeling blyk uit die uitvoering van die een of ander vorm van staatsgesag in die betrokke gebied.[24]

Voorts verklaar Oppenheim dat effektiewe besetting soortgelyk is aan dit wat nodig is om die gebied in vredestyd effektief te beheer. Dit is daarom nie nodig om die hele gebied met gewapende magte te beset nie. Volgens Oppenheim is dit onmoontlik in gevalle waar groot en uitgebreide gebiede ter sprake is.[25] Volgens Oppenheim is effektiewe besetting gelykstaande aan die verdrywing van die soewerein se magte uit die gebied. Dit is egter ook moontlik dat die besettingsmagte verdryf kan word. In so 'n geval word die gesag van die soewerein oor die gebied

22 Sien ook Spaight, p. 322; Hall, p. 566.
23 Phillipson, p. 10.
24 Oppenheim, 2, pp. 204, 206-207, 325; Baker, 2, p. 434; Van Bynkershoek, pp. 47-49. Sien ook Phillipson, p. 9.
25 Oppenheim, 2, p. 208.

herstel. Wanneer die standpunt van Oppenheim verder ontleed word, blyk dit dat die aanwesigheid van verdedigende magte in die gebied nie van deurslaggewende belang is nie, maar wel die vraag of hulle effektiewe gesag oor die gebied uitoefen. Die teenwoordigheid van sowel die Britse en OVS magte in ’n bepaalde gebied bemoeilik die beantwoording van die vraag. Dit is dus nodig om te bepaal watter mag deur middel van die uitoefening van staatfunksies in die gebied, effektiewe beheer het.[26]

Baker onderskei tussen twee vorme van besetting. Die eerste, *occupatio bellica,* is hierbo behandel. Besetting kan ook op so ’n wyse geskied dat dit verowering (*debellatio* of *ultima victoria*) daarstel.[27] Ten einde besetting tot verowering te volvoer, word vereis dat die totale gebied in effektiewe besetting gehou moet word. Hierdie vorm van besetting beteken dat die magte van die verdedigende soewerein van daardie gebied vernietig of afwesig is. Dit is egter nie nodig dat die gebied in die geheel militêr beset moet word nie. Besetting kan ook bewerkstellig word deur die vrywillige onderwerping van persone in ’n betrokke gebied.[28]

## 4.2 Onderwerping

Onderwerping is ’n eensydige handeling. Dit kan nie geskied voor verowering plaasgevind het nie. Oppenheim beskryf onderwerping as die vernietiging van ’n oorlogvoerende party gedurende ’n staat van oorlog, deur so ’n party se grondgebied tot eie gebied te proklameer. Onderwerping vereis daarom besetting, verowering en die vernietiging van die vyandelike magte.[29] Skrywers is dit nie eens oor die inhoud van die vereistes nie. Onderwerping is verder ’n eensydige handeling.

Volgens Phillipson is so ’n toestand gewoonlik teenwoordig waar daar geen verdere weerstand plaasvind nie of waar die georganiseerde weerstand feitlik verdwyn het. Hy gee te kenne dat dit nie noodwendig ’n vereiste is dat alle weerstand tot ’n einde moet kom nie. Die toets volgens Phillipson is of die voortgesette weerstand georganiseerd is. Waar die weerstand van ’n geringe aard is, mag daar wel met die proklamering van ’n gebied voortgegaan word.[30]

Daarenteen is Oppenheim van mening dat verowering en onderwerping ’n oorlog beëindig. Die staat wat daarin geslaag het om aan hierdie vereistes te voldoen, kan alleen besluit wat hy met die verowerde gebied gaan doen, byvoorbeeld om die gebied tot eie grondgebied te proklameer of in die alternatief ’n ander regering in die plek van die voormalige soewereiniteit daar te stel.[31]

26 *Ibid.*, pp. 208-209.
27 Baker, 2, p. 432.
28 *Ibid.*, p. 435.
29 Oppenheim, 2, pp. 325-326. Sien ook Phillipson, p. 9.
30 Phillipson, pp. 9, 21-22.
31 Oppenheim, 2, pp. 326-327.

Die aangeleentheid is egter nie sonder komplikasies nie. Oppenheim bespreek verskillende vorme van guerrilla-oorlog. Vir huidige doeleindes is dit slegs nodig om met een vorm te handel, naamlik die vorm van oorlogvoering wat volg na die gevangeneming of vernietiging van die grootste gedeelte van die vyandelike krygsmagte, die vernietiging van die vyandelike regering in ’n gebied, sowel as die besetting van die gebied. Oppenheim beskryf die voortsetting van ’n oorlog in so ’n geval as ’n “petty war”, wat alleen ten doel het om die herstel van vrede te verhoed.[32] Dit is duidelik dat Oppenheim wel voorsiening maak vir die voortsetting van ’n oorlog nadat daar aan die vereistes van onderwerping voldoen is, hoewel hy nie verdere inhoud aan die vereistes vir onderwerping gee nie. So beteken dit dat onderwerping nie noodwendig die oorlog tot ’n einde bring nie. Voorts vereis Oppenheim bloot dat die grootste gedeelte van die vyandelike magte vernietig of gevange geneem is en dat die vyandelike regering tot ’n val gebring word.

Hierdie siening word ook deur Baker gedeel. Onderwerping kan geskied ook waar die oorlogspoging van die verdedigers so verswak het, dat daar geen vooruitsigte is om die besette gebiede te ontset nie. In so geval kan dit gebeur dat ’n staat, vanweë trots of blote vasberadenheid, besluit om nie die stryd gewonne te gee nie. Ten einde met proklamering voort te gaan, moet die besetter aantoon dat hy die gebied effektief beset het en effektief bly beset.[33] Hall gee verdere inhoud aan die begrip effektiewe besetting. Ten einde ’n geslaagde beroep op verowering te doen, moet die besetting van die gebied van so ’n aard wees dat dit vergelykbaar is met die beheer wat ’n onafhanklike staat binne sy eie gebied uitoefen.[34]

Volgens Baty kan daar egter nie sprake van onderwerping wees nie indien ’n staat nog ’n weermag in die veld het wat aktief aan die oorlog deelneem. Hy gee egter toe dat verowering kan plaasvind in gebiede wat in effektiewe besetting gehou word en nie sonder meer ontset kan word nie.[35] Spaight is van mening daar geen sprake kan wees van ’n verwisseling van soewereiniteit waar ’n oorlog nog nie tot ’n einde gekom het nie. Volgens hom geskied dit met ’n vredesluiting waar onderwerping plaasgevind het, naamlik in ’n geval waar die een oorlogvoerende party deur oorlog vernietig is.[36] ’n Soortgelyke standpunt word ook deur Westlake gehandhaaf. Verowering vind plaas wanneer die geleding verantwoordelik vir die uitoefening van staatsfunksies, vernietig is.[37]

32 *Ibid.*, p. 71.
33 Baker, 2, p. 468; Hall, p. 566. Sien ook T Baty, *International law in South Africa* (Londen, 1900), p. 91.
34 Hall, p. 566.
35 Baty, p. 92.
36 Spaight, p. 322.
37 Westlake, p. 335.

### 4.3 Proklamering

Verowering en onderwerping is alleen nie voldoende om die bestaan van ’n staat tot ’n einde te bring nie. Ten einde dit te bewerkstellig, moet die soewereiniteit van die verowerde en onderwerpte staat tot ’n einde gebring word. So ’n stap geskied gewoonlik deur die proklamering van die verowerde gebied tot eie gebied.[38] Indien ’n proklamering voortydig geskied, is dit uiteraard ongeldig.[39] Oppenheim handhaaf egter die siening dat ’n aanvanklik gebrekkige proklamering later wel regsgeldig kan word indien ’n oorlogvoerende party daarna daarin slaag om aan die vereistes van effektiewe verowering en onderwerping te voldoen.[40]

## 5. VEROWERING IN JULIE 1900?

Drie vereistes vir die verowering van ’n gebied is uitgewys: (1) Die besetting van die gebied, (2) die onderwerping daarvan en (3) die proklamering daarvan tot eie gebied. Die posisie in die OVS na afloop van die rampspoedige oorgawe op 30 Julie 1900 blyk uit ’n skrywe van Steyn aan Kitchener in Augustus 1901: “Een jaar geleden, na de overgave van Generaal Prinsloo, was de Kaap kolonie geheel en al rustig en vrij van onze commando’s. *De O.V.S. was bijna geheel en al in uwe handen*, *niet alleen hoofdsteden, spoorlijnen en andere dorpen, maar ook het geheele land, behalve daar waar Commandant Hasebroek met zijn commando was.*”[41]

Die besetting van die OVS soos beskryf in Steyn se skrywe, sou argumentshalwe denkbaar kon dien ter voldoening aan die eerste vereiste. Besetting is egter slegs een van die vereistes vir verowering.

Die vraag ontstaan of die OVS ook onderwerp is, en of die Britse magte die staatsgesag van die OVS met ’n eie staatsgesag vervang het. In die verband is dit nodig om met die getalsterkte van die OVS krygsmag te handel. Volgens regter JBM Hertzog het die OVS oor tussen 22 000 en 23 000 man beskik, wat aan die oorlog kon deelneem. Daar was egter nooit meer as 16 000 man te velde nie.[42] Hierdie getalle word deur kaptein C Reichman bevestig. Hy plaas die getalsterkte

38 Oppenheim, 2, pp. 325-326; Hall, p. 566. Sien ook H de Groot, *The rights of war and peace including the law of nature and of nations* (vertaal deur AC Campbell; Westport, 1979), pp. 110-111, 348-350; Baty, p. 91.

39 Phillipson, p. 22.

40 Oppenheim, 2, p. 326 (vn. 2).

41 Soos aangehaal in NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn ’n lewensbeskrywing* 2 (Kaapstad, 1921), p. 30 (ons beklemtoning).

42 MCE van Schoor (red.), “Gen. J.B.M. Hertzog’s war experiences”, *Christiaan de Wet-annale* 10, 2000, p. 33. Sien ook Breytenbach, 1, p. 36.

van die OVS krygsmag op 22 314 man. Volgens hom het nooit meer as 14 834 man tot en met Mei 1900 aan die oorlog deelgeneem nie.[43]

Volgens Roux was ongeveer 7 800 manskappe en offisiere aan die begin van Julie 1900 nog aktief.[44] Indien Roux se getal as korrek aanvaar word, beteken dit dat die OVS krygsmag ongeveer die helfte van sy aktiewe burgers reeds teen Julie 1900 verloor het. Hierdie verlies sluit die 1 327 man in wat op 27 Februarie 1900 te Paardeberg oorgegee het.[45] Die lys van OVS krygsgevangenes, soos in die *Government Gazette* van 6 Julie 1900 gepubliseer, verstrek die name van ongeveer 2 100 OVS burgers wat krygsgevange geneem is. Hierdie lys het die burgers ingesluit wat by Paardeberg oorgegee het.

Indien die maksimum getal burgers op aktiewe diens, soos deur Reichmann aangedui, as vertrekpunt geneem word, kom dit daarop neer dat die OVS tot en met Julie 1900 meer as 50% van sy krygsmag te velde verloor het. Indien aanvaar word dat die totale OVS krygsmag 22 314 man sterk was, beteken dit dat die krygsmag aan die begin van Julie 1900 bykans 65% van sy burgers verloor het. Dit moet in gedagte gehou word dat alle OVS krygspligtiges op 25 Mei 1900 by wyse van proklamasie in die staatskoerant opgeroep is.[46] Dit beteken dat slegs 35% van burgers, bereken volgens die getal vermeld deur Roux, nog aktief was. Die verlies van ’n verdere 4 100 burgers en offisiere met die oorgawe op 30 Julie 1900 en daarna, sou daarom ’n nekslag vir ’n effektiewe OVS oorlogspoging kon inhou.[47] Volgens Steyn se brief het die grootste gedeelte van die oorblywende krygsmag hulle in elk geval toe buite die geografiese grense van die OVS bevind. Daarbenewens het ’n beduidende aantal krygspligtiges hulle onder eed aan die Britse staatsgesag onderwerp.[48]

Ten tyde van die oorgawe in die Brandwaterkom, het die Britse magte ook gepoog om reeds ’n eie staatsgesag in die Orange River Colony (ORC) te vestig. Die ORC het luidens die proklamasie van 24 Mei 1900 die OVS opgevolg.[49] Behalwe vir Steyn en Hertzog, wil dit voorkom of alle ander OVS funksionarisse

---

43 C Reichmann, “Extracts from the report of Captain Carl Reichmann, Seventeenth Infantry on the operations of the Boer Army” in *Boer War operations in South Africa 1899-1901* (Melville, 1987), p. 105.

44 VAB, Roux-versameling, A305: PH Roux, “Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene”.

45 Breytenbach, 1, p. 424.

46 Soos gepubliseer in ’n *Buitengewone Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat*, 28 Mei 1900.

47 The National Archives, Kew (TNA), WO 32/7998: “Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley”; TNA, WO 105/17: A Hunter – FS Roberts, 7.8.1900 (afskrif van telegram A. 370); TNA, WO 105/33: FS Roberts – Lord Lansdowne, 10.8.1900 (telegram).

48 AM Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners” die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, 1999), pp. 35-36.

49 Cd. 426, p. 6.

òf bedank het, òf deur oorlogsomstandighede nie verder in diens van die OVS was nie.[50] Daar is ook aanduidings dat talle Volksraadslede in die maande onmiddellik voor en na die oorgawe ten gunste van die beëindiging van die oorlog was.[51]

Toe die Britse magte by wyse van die proklamasie van 24 Mei 1900 die verowering van die gebied aankondig, was die aanspraak duidelik voorbarig en gebrekkig. Na die oorgawe op 30 Julie 1900 het die Britse aansprake egter heelwat anders daaruit gesien. Die Britse magte het hierna nie weer 'n veroweringsproklamasie uitgevaardig nie. So 'n stap sou immers neerkom op 'n uitdruklike erkenning dat die proklamasie van 24 Mei 1900 gebrekkig was. Die voorbarige proklamering het daarom vir die Britte 'n dilemma geskep wat hul verhoed het om die oorgawe vir tyd en wyl regtens aan te wend as basis vir 'n meer effektiewe veroweringsproklamasie. Gevolglik kan die vraag ontstaan of daar toe wel regtens aan die derde vereiste vir verowering voldoen is.

'n Verdere argument teen die effektiewe verowering van die OVS is dat De Wet en sy krygsmag hulle steeds tot en met 6 en 7 Augustus 1900 in die OVS bevind het. Hoewel hul daarna na die ZAR uitgewyk het, was dit wel moontlik om daarvandaan militêre operasies in die OVS van stapel te stuur. De Wet se besluit om na die ZAR uit te wyk is nie geneem bloot op grond van die militêre posisie in die OVS nie, maar ook om Steyn met sy ampsbroer, SJP Kruger, in verbinding te stel. Vir dié doel was dit nodig om Steyn na veiligheid te vergesel. Indien die behoefte nie bestaan het nie, sou De Wet moontlik nie toe desnoods na die ZAR vertrek het nie.[52]

Die teenargument kan verder versterk word deur daarop te wys dat De Wet deur middel van herkommandering in hierdie tyd daarin geslaag het om sy krygsmag met 2 500 man te vergroot.[53] Talle persone wat hul by die stryd heraangesluit het, het hulle in alle waarskynlikheid reeds vroeër aan die Britse magte onderwerp, hoewel hul as krygspligtige burgers regtens nie by magte was om dit te doen nie. Hierdie stand van sake word onderstreep deur die krygsinstruksies waarkragtens alle OVS krygspligtiges opgeroep is.[54]

Die besluit om van vrywillige kommandering gebruik te maak, is ook interessant. Die vrywillige onderwerping van OVS ondergeskiktes het beteken dat hulle 'n ooreenkoms met die Britse magte gesluit het om hulle van verdere deelname van die oorlog te weerhou. Dit is duidelik dat die persone nie bevoeg was om so 'n ooreenkoms te sluit nie. Hierdie persone was trouens krygsdiens aan die OVS verskuldig. Die weiering om krygsdiens te verrig, sou die persone aan vervolging kon blootstel. Aan die anderkant sou die verrigting van krygsdiens hierdie persone

---

50 De Bruin, p. 76 *et seq*.

51 *Ibid*., pp. 414-421.

52 F Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-annale* 4, 1976, p. 98 *et seq*.; L Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* (Pretoria, 2003), pp. 148-149.

53 Scholtz, p. 153.

54 *Buitengewone Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat*, 28 Mei 1900.

aan vervolging van Britse kant blootstel.[55] Waarskynlik is die gebruik van vrywillige krygsdiens juis om hierdie rede geneem.

De Wet se krygsafdeling het intussen na ongeveer 2 500 man aangegroei. Hierdie afdeling, tesame met die magte onder waarnemende hoofkommandante P Fourie en Hattingh, het die getalsterkte van die OVS krygsmag in hierdie tyd in die omgewing van tussen 4 000 en 5 000 man te staan gebring.[56] Nogtans is dit duidelik dat die verlies van meer as 4 000 man in die oorgawe die OVS oorlogspoging aansienlik in die wiele gery het. Die Britse magte denkbaar kon aanvoer dat die kans gering was dat hierdie restrerende krygsmag besetting van die OVS op die lange duur ongedaan kon maak. In dié opsig sou aangevoer kan word dat die Britse magte die OVS beset het en in effektiewe besetting gehou het. Die restrerende relatief klein OVS krygsmag se effektiwiteit was daarenteen beperk tot die gebied waar hulle hul op daardie stadium bevind het.

Ten opsigte van die vereiste van die vernietiging van die regering sou die OVS moes toegee dat die Britse oorlogspoging 'n geweldige tol van sy amptenare geëis het. Tog sou die OVS ook kon aanvoer dat die bevoegdheid om regeringsamptenare aan te stel in sy staatspresident gesetel het. Die staatspresident was bevoeg om tydelike aanstellings te maak ter vervanging van persone wat vanweë oorlogsomstandighede hulle ampte neergelê het.[57] Meer problematies was die aanduidings dat Volksraadslede besig was om die OVS oorlogspoging te versaak. Hierdie gekose verteenwoordigers het die volkswil in die OVS verpersoonlik.[58] Hulle onttrekking of ontsegging van verdere ondersteuning van die oorlog moes daarom 'n besondere gevaar vir die voortsetting van die oorlog gesein het. Voorts het talle burgers hul vrywillig aan die Britse gesag onderwerp. Dít, tesame met die verandering in die gesindheid van talle Volksraadslede, kan nie sonder meer geïgnoreer word nie. Ten slotte het die OVS sy krygsmag ook tot vrywilligers beperk wat weer daarop kon dui het dat die effektiwiteit van die OVS se staatsgesag aansienlik ingeperk was.

Aan die hand van die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof die oorwig van waarskynlikhede daarop dui dat die OVS aan die begin van Augustus 1900 grootliks beset was. Die vraag ontstaan egter of die besetting as effektief beskou kan word. Dit is verder duidelik dat gedeeltes van die OVS krygsmag en regering na die oorgawe steeds bestaan het. Hierbo is uitgewys dat die gesaghebbende tydgenootlike skrywers oor die volkereg dit nie eens is oor wat presies die betekenis

55 CR de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet* (Thielt, *s.a.*), pp. 155-156.

56 Pretorius, pp. 88, 115.

57 Artikels 28, 31 en 35 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat* soos gepubliseer in *Wetboek van den Oranjevrijstaat* (Bloemfontein, 1892).

58 De Bruin, pp. 83-86, 414-421.

van onderwerping is nie. Sommige van hulle vereis totale vernietiging, terwyl ander weer handel met oorblyfsels wat nie vernietig is nie.[59]

## 6. VERDERE PROKLAMASIES EN BRIEWE IN 1901

Op 6 Augustus 1901 het Kitchener 'n proklamasie uitgevaardig wat meer breedvoerig met die Britse veroweringsaansprake gehandel het. Hy het daarin daarop gewys dat die OVS reeds 'n geruime tyd deur die Britse magte beheer word. Die Britse magte het verder die hoofstad, vernaamste dorpe, asook die hele spoorwegnetwerk beheer. Ook het die Britse magte, aldus Kitchener, daarin geslaag om die meerderheid van die krygspligtige burgers van die OVS krygsgevange te neem. Ander voormalige OVS onderdane het hulle aan die gesag van die Britse regering onderwerp. Volgens die Kitchener-proklamasie het hierdie groep persone rustig in Brits-beheerde dorpe en kampe gewoon.[60]

In die lig van bogenoemde het Kitchener verklaar dat die Boeremagte min in getal was, weinig krygsbehoeftes ter hand gehad het en oor geen behoorlik georganiseerde militêre magte beskik het nie. Hulle was daarom nie in staat om enige behoorlike militêre verset te bied nie. Tog het hulle voortgegaan met aanvalle op kleiner afdelings van die Britse magte en het hulle die eiendom van "hul" koning beskadig en besteel. In die proklamasie is voorts beweer dat die voortgesette verset die landbou en ekonomie in die ORC geknou het, en nuttelose bloedvergieting tot gevolg gehad het. In kort het die verset bloot daarin geslaag om die onderdane van die ORC die vrede waarna hulle gesmag het, te ontneem.[61]

Anders as 'n jaar tevore, het Steyn per brief en nie per proklamasie op die Kitchener-proklamasie geantwoord. Soos reeds beklemtoon, is hierdie brief van besondere belang omdat Steyn daarin die OVS-saak onomwonde gestel het. Hy het toegegee dat 'n jaar tevore, met die oorgawe van 30 Julie 1900, daar byna geen republikeinse kommando's in die OVS en die Kaapkolonie was nie. In Augustus 1900 was feitlik die hele OVS in die hande van die Britse magte. Hierdie toestand het egter intussen verander. Die Kaapkolonie was teen Augustus 1901 weer vol republikeinse kommando's wat groot gebiede beheer het en wat na willekeur daar kon opereer. In die OVS self, het Steyn toegegee, was Kitchener in beheer van die hoofstad, die spoorwegnetwerk en die nabygeleë dorpe. Die republikeinse kommando's was egter in beheer van die res van die OVS. Steyn het Kitchener daarop gewys dat sy regering landdroste in hierdie gebiede aangestel het wat ook verantwoordelik was vir die handhawing van wet en orde. Kitchener, aan die ander

59 Sien afdeling 4, *supra*.
60 Proklamasie van 6 Augustus 1901 (ORC nr. 8 van 1901), *Government Gazette of the ORC*, 8 Augustus 1901, p. 367.
61 *Ibid*.

kant, se jurisdiksie het bloot so ver gestrek soos wat sy kanonne kon skiet.[62] Wat die republikeinse strydmagte betref, het Steyn verklaar dat die meerderheid van die krygspligtige burgers steeds aan die oorlog deelgeneem het. Hy het toegegee dat sommige burgers onder verleiding van Britse proklamasies hulle wapens neergelê het, maar hulle was gelukkig min in getal. Volgens Steyn was die meerderheid krygsgevangenes nie krygspligtig nie.[63]

Skrywers soos Oppenheim is van mening dat verowering van die OVS wel in 1901 plaasgevind het. Met verwysing na die toestande in die OVS in 1901, beklemtoon hy dat die heel beperkte restrerende OVS magte in klein en onbeduidende afdelings verdeel was, terwyl die Britse magte effektiewe beheer oor die grotere dorpe, stede en kommunikasieverbindings gehad het. Verder was die beheer van die Britse magte van so ’n aard dat hulle met redelike gemak enige aanvalle van die OVS magte kon afweer.[64] Phillipson, wat van mening is dat die proklamasie van 24 Mei 1900 gebrekkig was, stem egter saam dat verowering wel in 1901 plaasgevind het. In daardie stadium was die Boeremagte se getalle na sy oordeel onbenullig klein.[65]

## 7. GEVOLGE VAN VEROWERING

Indien daar wel in 1901 aan die vereistes van verowering voldoen is, sou die OVS ten tye daarvan opgehou het om as ’n staat te funksioneer. Tog is die oorlog klaarblyklik wel voortgesit. Die vraag ontstaan gevolglik in watter hoedanigheid Steyn, De Wet en ander lede van die krygsmag dan die oorlog voortgesit het. In die Van Deventer-beslissing[66] het die hof verklaar dat ’n unieke situasie in die Anglo-Boereoorlog ontstaan het. Die hof het beslis dat die voormalige ZAR krygsmag na die verowering van die ZAR steeds oor die regte van ’n oorlogvoerende party beskik het. Hierdie bevinding kan ook van toepassing gemaak word op die voormalige OVS krygsmag.

Die voormalige ZAR en OVS krygsmagte sou daarom bestempel kon word as die oorblyfsels van die krygsmagte van state wat nie meer bestaan nie. In die geval van die OVS sou die krygsmag van De Wet daarom nie meer ’n staat verteenwoordig het nie. Die oorblyfsels is ook deur die hof as “a community of persons, bound together by ties of blood, actuated by a common purpose, and capable of

62 Steyn – Kitchener, 15.8.1901, soos aangehaal deur Van der Merwe, 2, p. 30.
63 Van der Merwe, 2, pp. 30-31.
64 Oppenheim, 2, pp. 209-210.
65 Phillipson, p. 14.
66 1903 TS p. 401: p. 424. P. 401 verwys na die eerste bladsy waarop die uitspraak begin. Die inligting hierbo word op p. 424 gevind. Gepubliseer in die *Transvaal Law Report* 1 van 1903 (en geraadpleeg in die her-uitgawe, Johannesburg, 1973).

contracting" erken.[67] In *Lemkuhl v Kock*[68] het die hof, met verwysing na die Van Deventer-beslissing, soos volg na die voormalige OVS krygsmag verwys: "[Y]et the burghers of the late Free State were a body of men bound together in fighting for a common cause, and in any case exercising control over that part of the country where they happened to be carrying out operations. Their warfare was not illegal, and they enjoyed belligerent rights."[69]

Hierdie siening is in ooreenstemming met die volkereg, wat bepaal dat guerrilla-magte 'n groep self-georganiseerde persone is, wat oorlog teen 'n publieke vyand voer. Hierdie groep persone is egter nie onder die gesag van 'n staat nie. Baker bestempel die optrede van guerrilla-vegters as moord en diefstal. Hy voer aan dat daar met guerrilla-vegters dienooreenkomstig gehandel behoort te word wanneer hulle gevange geneem word.[70]

Den Beer-Poortugael, in sy 1893-uitgawe van *Krijgsgebruiken in den oorlog te land*, verwys na "partijgangers en vrijscharen", wat wel in bepaalde gevalle as oorlogvoerendes kragtens die volkereg beskou kan word. Hy beskryf "partijgangers" as 'n groep persone wat sonder magtiging van 'n staat op eie inisiatief handel. "Vrijscharen" is ook 'n groep wat sonder magtiging van 'n staat handel, met 'n bepaalde selfsugtige oogmerk. Die toets, volgens Den Beer-Poortugael, is of die onderskeie groepe in hulle stryd 'n politieke doel voor oë het. Indien wel, word hulle as oorlogvoerendes beskou en geniet hulle die regte van oorlogvoerendes.[71]

Die Haagse Konvensie van 1899 het die status van die guerrilla-vegters erken, mits daar aan die volgende vier vereistes voldoen word: (1) dat persone nie as individue handel nie, maar as deel van 'n mag wat aangevoer word deur 'n persoon verantwoordelik vir die persone onder sy bevel, (2) die mag op 'n afstand herkenbaar is, (3) openlik gewapend is en (4) hul operasies in ooreenstemming met die oorlogsreg uitvoer.[72] Oppenheim verwys ook na guerrilla-oorlogvoering wat kan volg na afloop van konvensionele oorlogvoering. Guerrilla-oorlogvoering is in so 'n geval die oorblyfsel van die oorlog. Standpunt is dat dié vorm van oorlog nie in terme van die volkereg erken behoort te word nie, aangesien die staat, wat deur sodanige oorblywende magte verteenwoordig word, opgehou het om te bestaan. Voorts is hul hoop nie meer daarop gevestig om die oorlog te wen nie, maar eerder

67 *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: p. 424.

68 1903 ORC p. 73. Gepubliseer in die *Orange River Colony Law Reports* van 1903-1909 (en geraadpleeg in die her-uitgawe, Johannesburg, 1973).

69 *Ibid*., p. 77.

70 Baker, 1, pp. 559-560.

71 JCC den Beer-Poortugael, *Krijgsgebruiken in den oorlog te land (oorlogsrecht) en de rechten der neutralen handleiding voor officieren en ten dienste van het militair onderwijs* ('s Gravenhage, 1893), p. 61.

72 Artikel 1 van die reëls van 'n oorlog op land van die Haagse Konvensie van 1899. A Pearce Higgings, *The Hague Peace Conferences and other international conferences concerning the laws and usages of war texts of conventions with commentaries* (Cambridge, 1909), pp. 210-211.

op die plaasvind van ’n onsekere gebeurtenis wat die oorlog sal beëindig. “[T] here is no longer in progress a contention between armed forces. For although the guerilla-bands are still fighting when attacked, or when attacking small bodies of enemy soldiers, they try to avoid a pitched battle, and contend themselves with the constant harassing of the victorious army, the destroying of bridges and railways, cutting off communications and supplies, attacking convoys, and the like, always in the hope that some event or events may occur which will induce the victorious army to withdraw from the conquered territory.”[73]

Tog pleit Oppenheim dat, hoewel die veroweraar geregtig is om met so ’n mag as rebelle, en nie oorlogvoerendes nie, te handel, dat die volkereg wel van toepassing bly. Hiervoor stel hy, in teenstelling met die Haagse Konvensie, slegs twee vereistes, naamlik dat daar (1) ’n bevoegde bevelvoerder is, wat (2) sy krygsoperasies in ooreenstemming met die reëls van oorlogvoering voer.[74]

In die *Van Deventer*-beslissing is die posisie wat in die Anglo-Boereoorlog na afloop van die verowering van die ZAR en OVS ontstaan het as uniek beskryf. Derhalwe sou daar ’n afwyking van die reëls, soos deur Baker beskryf, aangevoer kan word. Indien daar wel aan die vereistes van verowering voldoen is, het De Wet en sy krygsmag na afloop van die oorgawe in die Brandwaterkom as die enigste verteenwoordiger van die OVS oorlogspoging na vore getree. Brittanje het die krygsmag van De Wet as ’n oorlogvoerende party erken. Hierdie krygsmag was met die sluiting van Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 slegs 6 455 man sterk.[75]

## 8. DIE VREDE VAN VEREENIGING

Daar is ook die argument dat die OVS tot en met 31 Mei 1902 bestaan het. Op hierdie dag het verteenwoordigers van die ZAR en OVS die voorwaardes van oorgawe onderteken. Die vrede het die amptelike einde van die Anglo-Boereoorlog beteken. Daar word aangevoer dat Brittanje, in sy onderhandelinge met verteenwoordigers van die OVS regering, erken het dat die OVS tot op die betrokke datum nie onderwerp was nie. Die argument is verder dat Brittanje deur die Vrede van Vereeniging erken het dat sy proklamering van die OVS en die ZAR tot Britse gebiede, ongeldig was.[76]

Phillipson voer aan dat die Vrede van Vereeniging nie regtens as ’n vredesverdrag beskou kan word nie. Hy beskryf die ooreenkoms tussen Brittanje en die verteenwoordigers van die voormalige ZAR en OVS as ’n ooreenkoms om

73 Oppenheim, 2, p. 71.

74 *Ibid*., pp. 71-72.

75 *Despatch by General Lord Kitchener, dated 23rd June 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 988; Londen, 1902), p. 37: “Surrenders in the Orange River Colony”.

76 Vir ’n soortgelyke argument, sien *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS, p. 401 *et seq*.

die krygsmagte van die voormalige Boerestate oor te gee. Volgens hom verwys die Vrede van Vereeniging soos volg na Brittanje: "[...] Kitchener [...] and [...] Milner [...] on behalf of the British Government [...]." Daarenteen word soos volg na die OVS verwys: "[...] Messrs. C R de Wet, W J C Brebner, J B M Hertzog, and C H Olivier, acting as the Government of the Orange Free State, on behalf of their respective burghers [...]."[77] In dié opsig verklaar Phillipson dat die woorde "handelende as die regering van die OVS" beteken het dat Brittanje nie die OVS as staat erken het nie, maar slegs die krygsmagte wat dié verteenwoordigers te Vereeniging verteenwoordig het.[78] Daarenteen verwys die aanhef van die vredesooreenkoms na die verteenwoordigers van Brittanje as die verteenwoordigers van die Britse regering. Die begrip "handelende as" word nie gebruik nie. Phillipson voer aan dat die verwysing wat in die Vrede van Vereeniging gebruik is nie in standaard vredesooreenkomste voorkom nie. Sy gevolgtrekking is dat die Britse regering nooit afstand gedoen het van sy aansprake dat die OVS wel verower is nie.[79]

Hierdie standpunt is onderskryf in *Van Deventer v Hancke and Mossop*:[80] "[S]scrupulous care was taken by those who represented the British Government to refrain from any recognition of the South African Republic or its Government, while at the same time they fully recognised the position of certain leaders of a force entitled to all privileges of belligerents, as being persons with whom it was proper and necessary to treat in regard to the terms upon which that force should lay down its arms."[81] Daar was derhalwe nie enige sprake van die herstel van enige verowerde staat na sy voormalige status vir doeleindes van die Vrede van Vereeniging nie.

## 9. GEVOLGTREKKINGS

Sekerlik een van die belangrikste gevolge van die oorgawe in die Brandwaterkom op 30 Julie 1900 was dat dit ’n groot stimulus verleen aan argumente dat vir die eerste maal in die oorlog aangevoer kon word dat die OVS verower was. Ongelukkig vir Brittanje het sy opperbevelvoerder in Suid-Afrika voortydig ’n troefkaart probeer speel. ’n Tweede proklamering van die gebied sou as ’n afdoende erkenning gesien word van die feit dat die eerste proklamering van die OVS tot Britse grondgebied regtens voortydig en gebrekkig was.

Die Britse magte het egter nooit afstand gedoen van die aanvanklike veroweringsaanspraak van 28 Mei 1900 nie. Tog het die Britse magte erken dat ’n

77 Soos aangehaal deur Phillipson, p. 423.
78 Phillipson, p. 17. Sien ook *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS, p. 401: p. 424.
79 Phillipson, p. 17. Sien ook *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS, p. 401: p. 424.
80 1903 TS p. 401.
81 *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: pp. 411, 424. Sien ook Phillipson, p. 18.

gedeelte van die voormalige OVS magte van die veroweringsaansprake uitgesluit was. Vir die res van die oorlog is hierdie groep persone as ’n oorlogvoerende party erken. Derhalwe sou die argument gevoer kon word dat die OVS in hierdie opsig bly voortbestaan het. Die Britse magte het volkeregtelik nie ’n ander keuse gehad as om die oorblyfsels van die OVS magte as ’n oorlogvoerende party te erken nie. Amery verklaar dat so ’n erkenning niks anders as billik is nie.[82] Dit is egter duidelik dat die grondslag van die erkenning eerder die werking van die volkereg was.

Hoe dit ook al sy, die krygsmag onder De Wet is tot die einde van die oorlog as ’n oorlogvoerende party erken. In hierdie opsig het die Brittanje erken dat ’n gedeelte van die OVS krygsmag nooit onderwerp is nie. Selfs die beweerde verowering van die OVS het dus nie ingehou dat die bittereinders onder De Wet hul regstatus as ’n oorlogvoerende party ontneem is nie. Hul kan dus tereg bestempel word as die trotse restant van die OVS krygsmag wat nooit deur die veel sterker Britse magte militêr oorweldig is of kon word nie.

82 Amery (red.), 6, p. 4. Sien ook Phillipson, p. 24.